AK 2117 J 2/21

BESK. 13

Bew. AV 1-3

+ Bew. 21

Nzimeni Daniel MPONDO

VERKLAAR ONDER EED :

Ek is No. S151318H ŉ speurdersersant in die Suid-Afrikaanse Polisie, Vereeniging en verbonde aan die Veiligheidstak.

Op Sondag 1984-09-23 het ek observasie by Baptiste Kerk, Gebied 13 Sebokeng gehou.

Tydens die observasie het ek die volgende persone gearresteer as verdagtes op Ceaser MOTJEANE se moord :

1. Simon NKOLI - Hy het ŉ geelkleurige T-hempie aangehad met die volgende op die voorkant; ŉ rooi stopteken en "Apartheid with the UDF" in swart letters geskryf.
2. Hendrik KUTHAMELA - Hy het ŉ wit T-hempie met die volgende bewoording op die voorkant "COSAS", ŉ kaart van Afrika met woorde: "Each one teach one" en onder kaart "For the People's Education". Op die agterkant in swart letters gedruk; "COSAS - Each one teach one". Op sy pet het hy ŉ COSAS metaalwapen vasgespeld gehad.

Ek het Sersant MANETE van Sebokeng gekontak en die twee verdagtes aan hom oorhandig.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

(Get.) N.D. MPONDO S/Sersant
S151318H

Lekhotla Jonas MANETE

VERKLAAR ONDER EED :

Ek no. S155613H, 'n speurdersersant in die Suid-Afrikaanse polisie gestasioneer te Sebokeng en verbonde aan die Speurtak, telefoon 33-8686.

Op Sondag 1984-09-23 om ongeveer 11h45 het ek 'n boodskap van Sers. D. MPONDO, Veiligheidstak, Vereeniging gekry om na die Baptiste Kerk in Gebied 13, Sebokeng te gaan aangesien hy twee verdagte persone gearresteer het vir die moord op Seizer MOTJEANE.

By die kerk aangekom het Sers. Mpondo die volgende twee persone aan my oorhandig :

(1) Simon NKOLI. Hy het 'n geelkleurige T-hempie aangehad met die volgende op die voorkant, 'n rooi stopteken en "Apartheid with the UDF" in swart letters geskryf.

(2) Hendrik KUTHAMELA. Hy het 'n wit T-hempie met die volgende bewoording op die voorkant - COSAS, 'n kaart van Afrika met woorde; "Each one teach one" en onder kaart; "For the People's Education". Op die agterkant in swart letters gedruk; COSAS - Each one teach one". Op sy pet het hy 'n COSAS metaalwapen vasgespeld gehad.

Ek het die twee persone na die Sebokeng polisiestasie geneem en daar op die klere soos bogemeld beslag gelê.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

(Get.) L.J. Manete

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

(Get.) A.G. DU PLESSIS
Kommissaris van Ede
Republiek van Suid-Afrika
Adjudant-Offisier W409788E
Andreas Gerhardus DU PLESSIS
h/v Voortrekker en Stanleystraat
Vereeniging S.A. Polisie
1984-10-25.

CORNELIS JOHANNES BEQUIDENHOUT VERKLAAR:-

Ek is 'n Adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestationeer te Krugersdorp verbonde aan die Veiligheidstak tans behulpsaam met ondersoek in die Vaaldriehoek

Op Saterdag 30 September 1984 het ek vergesel van lede van die Reaksie Eenheid en ene Simon Nkodi na die huis van Simon Nkodi te 18909 Gebied 14, Sebokeng. Die doel van die besoek was om die huis te deursoek.

Tydens die deursoeking was die beskuldigde teenwoordig en het ek op die volgende items beslag gelê.

3.1 Een Release Mandela Campaign lidmaatskapkaart uitgemaak aan Tseko Nkodi in die spieëlkaslaai gevind

3.2 Een YCW boek van 1979 in 'n kartondoos onder die bed gevind

3.3 Een YCW boek getiteld Campaign 81 in 'n kartondoos onder die bed gevind.

3.4 Een boek getiteld "Leaders Notes December 1979" gevind in kartondoos onder bed

3.5 Een telefoonboekie gevind in kartondoos onder bed.

3.6 Een pamflet getiteld "Mass Meeting on Anti comm Councils in kartondoos onder bed gevind.

3.7 Twee pamflette getiteld "Detentions" gevind in kartondoos onder bed.

3.8 Een handgeskrewe folio wat handel oor aanhoudings gevind in kartondoos onder bed

3.9 Een boed getiteld "De Lange ... Marching to the Same Order" gevind in kartondoos onder bed.

3.10 Een tydskrif getiteld "Wits Student" gevind in kartondoos onder bed.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die eed as bindend in my gewete

Geteken :- [signature]

# THE FREEDOM CHARTER

as adopted at the Congress of the People on 26 June, 1955

- THE PEOPLE SHALL GOVERN!
- ALL NATIONAL GROUPS SHALL HAVE EQUAL RIGHTS!
- THE PEOPLE SHALL SHARE IN THE COUNTRY'S WEALTH!
- THE LAND SHALL BE SHARED AMONG THOSE WHO WORK FOR IT!
- ALL SHALL BE EQUAL BEFORE THE LAW!
- ALL SHALL ENJOY HUMAN RIGHTS!
- THERE SHALL BE WORK AND SECURITY!
- THE DOORS OF LEARNING AND CULTURE SHALL BE OPENED!
- THERE SHALL BE HOUSES, SECURITY AND COMFORT!
- THERE SHALL BE PEACE AND FRIENDSHIP!

1st Floor Portland Place, 37 Jorissen Street
Braamfontein 2017, Johannesburg Tel: 339-3449

# RELEASE MANDELA CAMPAIGN




# MEMBERSHIP CARD

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.